



Verwysing: 20190314-2843
Lêernommer: 13/3/2
Navrae: C Abrahams

Eksamenadministrasieminuut: 0001/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Verifikasie van leerders se registrasie-inligting op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) vir Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-leerders: Grade 10 tot 12

1. Volgens instruksies vanaf die Departement van Basiese Onderwys (DBO), moet grade 10- tot 12-leerderinligting op die Nasionale Eksamenstelsel aangeteken word.
2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Omsendbrief 0018/2018, gedateer 21 April 2018, asook Kennis- en -Inligtingsbestuurminuut 0001/2018, gedateer 13 Desember 2017, en 0004/2018, gedateer 19 Februarie 2018, wat die bestuur en administrasie van leerdervakveranderinge en leerders se data op SOBIS bespreek.
3. Die funksie op SOBIS is oop vir skole om regstellings aan die persoonlike besonderhede van hul leerders te maak.
4. Hierdie sal die laaste geleentheid vir skole wees om enige regstellings aan hul grade 10- tot 12-leerderinligting te maak voordat die data na die Nasionale Eksamenstelsel oorgedra word.
5. Leerderinligting op SOBIS sal onttrek en na die Nasionale Eksamenstelsel oorgedra word vir eksamendoeleindes. Alle vraestelle en eksamenverwante dokumentasie sal verpak en volgens die SOBIS-data wat deur prinsipale afgeteken is, aan skole versprei word.

6. Skole sal die verifikasieproses uitvoer, afteken en 'n verslag by Hoofkantoor-amptenare indien om te bevestig dat alle leerderinligting op SOBIS **korrek** en gereed is om na die Nasionale Eksamenstelsel oorgedra te word.

7. Prinsipale moet hul **reggestelde** leerderinligting op die volgende datums verifieer, afteken en indien:

7.1 Graad 12 – Vrydag, 10 Mei 2019

7.2 Graad 11 – Vrydag, 17 Mei 2019

7.3 Graad 10 – Vrydag, 23 Augustus 2019

8. **Verifikasie van leerderinligting**

8.1 Die **identiteitsnommer** van 'n leerder is 'n **verpligte veld** aangesien die Nasionale Eksamenstelsel leerders sonder identiteitsnommers verwerp. Dit is dus baie belangrik dat alle leerders in graad 10 vir hul identiteitsdokumente aansoek doen. Intussen moet die identiteitsnommer wat op die geboortesertifikaat verskyn, gebruik word.

8.2 Leerders wat **nie Suid-Afrikaanse burgers is nie (immigrante ingesluit)**, moet 'n paspoort **en** studiepermit hê. Asieldokumente sal aanvaar word. Nie-burgers wat deel van die Suid-Afrikaanse Skoolstelsel is, maar nie die vereiste dokumentasie het om vir die 2019 NSS-eksamen te registreer nie, sal toegelaat word om vir die eksamen te registreer, maar die NSS-sertifikaat sal nie aan hulle uitgereik word voordat die geldige dokumentasie gelewer word nie.

8.3 Gaan die spelling van volle name en vanne na. Dit behoort te wees soos dit op die leerder se identiteitsdokument/geboortesertifikaat/paspoort verskyn.

8.3.1 Indien leerders hul name en vanne verander **gedurende** of binne 90 dae ná hulle die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen vir graad 12 geskryf het, of na die oordrag vanaf SOBIS na die Nasionale Eksamenstelsel, moet gewaarmerkte afskrifte van hul ou en nuwe identiteitsdokumente en 'n beëdigde verklaring waarin die rede vir die veranderinge genoem word, by die onderskeie eksamenamptenare soos gelys in **Tabel 1**, gestuur word.

8.4 **Die selfoonnommer van 'n leerder se ouer/voog is 'n verpligte veld.** Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) maak van SMS-dienste gebruik om belangrike eksamenverwante inligting aan leerders te kommunikeer.

8.5 Immigrantleerders en leerders met spesiale behoeftes wat verkies om vir die geëndosseerde NSS-eksamen in te skryf, moet as sodanig op SOBIS aangedui word.

9. Proses wat op SOBIS gevolg moet word

- 9.1 Volg die duidelike instruksies op SOBIS oor hoe die lêer vir die spesifieke graad en klas onttrek kan word.
- 9.2 Druk die skedule.
- 9.3 Alle leerders moet hul besonderhede (naam, van, identiteitsnommer, lys van vakke) verifieer en teken dat dit korrek is.
- 9.4 Foute wat deur die leerders op die skedule aangedui word, moet deur die skool se SOBIS-administrateur **reggestel** word. Die veranderinge moet deur die prinsipaal of sy/haar afgevaardigde geverifieer word.
- 9.5 Die reggestelde skedules moet aan ouers gestuur word vir ondertekening en na die skool teruggestuur word.
- 9.6 Die skedules moet dan deur die prinsipaal/graadhoof onderteken word. Die prinsipaal moet op SOBIS affteken dat die proses afgehandel is.
- 9.7 'n Afskrif van die getekende skedules moet gemaak word. Die afskrif moet by die skool vir die skool se eie rekords bewaar word en die oorspronklike skedule moet na die onderskeie amptenare, gelys in **Tabel 1**, gestuur word.

TABEL 1

Distrik	Verantwoordelike amptenaar	Tel.	E-pos
Metro-Noord	Johnnie Isaacs Jean Theron	021 467 2974 021 467 2146	johnnie.isaacs@westerncape.gov.za jean.theron@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Farrel Jacobs Leon Samuels	021 467 2909 021 467 2461	farrel.jacobs@westerncape.gov.za leon.samuels@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Linsay van Gensen George Valentine	021 467 2917 021 467 2911	linsay.vangensen@westerncape.gov.za george.valentine@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Gideon Dilgee	021 467 2914	gideon.dilgee@westerncape.gov.za
Weskus	Peggy Thomas	021 467 2930	peggy.thomas@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Lindsay Weber Andile Gidana	021 467 2732 021 467 2937	lindsay.weber@westerncape.gov.za andile.gidana@westerncape.gov.za
Overberg	Patricia Liguma Elmarie du Toit	021 467 2936 021 467 2920	patricia.liguma@westerncape.gov.za elmarie.dutoit@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Samuel Adams Nokuzola Makinana	021 467 2914 021 467 2401	samuel.adams@westerncape.gov.za nokuzola.makinana@westerncape.gov.za

10. Skole moet ook Grade 10 en 11 versoeke vir vakregstellings aanstuur na die onderskeie amptenare, gelys in Tabel 1.
11. Die voltooiing van die skoolgebaseerde assessering (SGA) Bylae B-vorm vir vakveranderinge of -regstellings, indien enige, sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.
12. Hierdie minuut moet aan al die grade 10- tot 12-koördineerders en SOBIS-administrateurs oorhandig word.

GETEKEN: T SINGH

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-04-03

CL-(Certificate Lang), LM-(Lang Medium), MT-(Mother Tongue)(M-Immigrant)

SCHOOL EMIS NUMBER: 0100000268

SCHOOL NAME: A.Z. BERMAN HIGH SCHOOL

CENTER NUMBER:

Learner_ID Number	Identity Number	Date Of Birth	Race	Gender	Surname and First Names	Subjects Code And Subjects Description
990319SA10001	9903195168089	19/3/1999	C	M	ABBAS, SAADIQ	
Diacritics in Name/Surname:	ADDRESS	Number Of Subjects	Tel code	Telephone No.	Cellphone No.	CL LM MT M
N	24 FLATTEKLOOF TAFELSIG CITY OF CAPE TOWN 7785	7				A A A N

16341002 - Life Orientation
20351062 - Tourism
12351002 - Accounting
19321002 - Mathematical Literacy
12351062 - Economics
13301002 - Afrikaans Home Language
13311092 - English First Additional Language

I hereby declare that all the information on this schedule is correct and a certified copy of the candidate's ID document is attached.

Ek verklaar hiermee dat alle inliging op hierdie skedule korrek is en dat 'n gesertifiseerde afskrif van die kandidaat se ID dokument aangeheg is.

Candidate / Kandidaat

Parent, Guardian / Ouer, Voog

Principal / Prinsipaal

Date / Datum

Date / Datum

Date / Datum



MARINDA, WIESE - GO TO ADMIN SECTION
 LABOR1 HS. - 0100310257
 FUNCTION: SUBJECTS PER LEARNER REPORT
 NORMS AND STANDARDS COMPLIANCY STATUS

GR11

Select A Class: All SUBMIT
 SELECT A NEW GRADE

Grade 11 Learner Details Report



PRINT ALL Print Landscape
 PRINT ALL Print Landscape / Per Learner

Date: 13-MAR-17
 EMDC: CAPE WINDLARDS
 Center Number: 1007721
 School Name: LABOR1 HS.

CL-(Certificate Lang), LH-(Lang Medium), MT-(Mother Tongue), N-(Immigrant), B-(Bachelors)

Learner ID Number	Identity Number	Date Of Birth	Race	Gender	Surname and First Names	Subjects Code And Subjects Description
0003142A10001	0003145124001	14/3/2000	C	M	ADAMS, ZEKE JAMES	

Diacritics in Name/Surname:	ADDRESS	Number Of Subjects	Tel code	Telephone No.	Cellphone No.	CL LH MT N B	Subjects Code And Subjects Description
							15351103 - Engineering Graphics And Design 19371493 - Technical Mathematics 19391523 - Technical Science 13301013 - Afrikaans Home Language